Magaliesberg Gesinskerk

ONTDEK JOU PLEK

Handleiding vir Omgeegroepe

ONTDEK JOU PLEK

PROGRAM

WEEK 1 AFSKOP
26 Januarie 2020
Ons is ‘n oase.

WEEK 2
2 Februarie 2020
Dien mekaar soos Jesus ons gedien het.

WEEK 3
9 Februarie 2020
Gedring om te dien.

WEEK 4
16 Februarie 2020
Jesus en my werk.

WEEK 5
23 Februarie 2020
Versorg mekaar in siekte, hartseer en wanhoop.

WEEK 6
1 Maart 2020
Aanbidding.

WEEK 7
8 Maart 2020
Deur ook al die wonderlike dinge wat jy van God geleer het vir ongelowiges te vertel.

WEEK 8 AFSLUITINGSFEES
15 Maart 2020
Elkeen is belangrik.

GENADEGAWES

Leierskap	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë om te formuleer, mense te motiveer en hulle so te inspireer dat hulle graag as ‘n groep God se doel wil bereik. (Heb 13:17)
Wysheid	Hierdie gawe is die Goddelike vermoë om met mense en met God in harmonie te lewe deur die regte woorde op die regte tyd te gebruik. (Jak 3:13-18)
Onderskeiding	Hierdie kinders van God kan onderskei tussen die waarheid en die leuen, tussen die werk van die Gees en bose geeste. (Hand 5:1-4; Mt 16:21-23)
Apostelskap	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë wat sommiges onder ons kry om nuwe bedieningsstrukture en moontlikhede te ontgin. (1Kor 12:28-29; Rom 1:5)
Herderskap	Is die Goddelike vermoë om mense op allerhande maniere te versorg, om om te gee en om mense te lei tot geestelike volwassenheid. (1 Pet 5:1-4)
Gasvryheid	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë om mense vriendelik en hartlik te ontvang en ‘n veilige atmosfeer te skep waarin mense tuis voel. (Heb 13:1-2)
Diens	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë om praktiese en noodsaaklike take te volvoer wat ander help en ondersteun en aan ander se behoeftes voorsien.(Rom 12:7)

Onderrig	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë om die Woord van God te verstaan, te verduidelik en toe te pas en daardeur die begeerte by mense te skep om meer soos Christus te word.
Kreatiewe kommunikasie	Die Godgegewe vermoë om deur middel van verskeie kunsvorme, God se waarhede te kommunikeer.
Profesie	Deur hierdie Godgegewe vermoë word die waarheid openbaar en verklaar op ‘n toepaslike wyse op die regte tyd vir die opbou van die liggaam van Christus.
Tale	Die Godgegewe vermoë laat jou toe om in vreemde tale te praat en te bid.
Kennis	Hierdie Godgegewe vermoë laat jou toe om die waarheid te verkondig deur besondere Bybelse insig.
Evangelisasie	Hierdie gawe is die Godgegewe vermoë, om die Evangelie aan ongelowiges so aan te bied dat hulle Jesus in geloof aanneem en groei tot dissipelskap.
Genesing	Die gawe van gesondmaking is die Godgegewe vermoë om God se instrument te wees in die gesondmaking van mense.

Geloof	Met die Godgegewe gawe, word met ‘n onwankelbare geloof vertrou en gereageer op God se beloftes om dit te vervul.
Wonders	Dit is die Godgegewe vermoë om die bedieninge en ook die boodskappe van God te bekragtig deur wonderbaarlike ingrypings tot Sy eer.
Barmhartigheid	Is die Goddelike vermoë om op ‘n blymoedige en praktiese manier mense wat swaarkry, by te staan in raad en daad.
Gee | Uitdeling	Is die Goddelike vermoë om met gulhartigheid hulle en ander bronne beskikbaar te stel om die Here se werk te doen.
Bemoediging	Is die Goddelike vermoë om mense in hulle geloof te versterk en aan te moedig en te oorreed tot aksie.
Administrasie en bestuur	Met die Godgegewe vermoë word verstaan hoe ‘n organisasie funksioneer, watter beplanning gedoen en geïmplementeer moet word sodat die regte prosedures ingestel, uitgevoer en gebruik kan word, sodat die bedieninge hul doelwitte kan bereik.

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 1
Ons is ‘n oase

MENS TOT MENS	Wat se geestelike ervarings en besluite het jy gehad die afgelope vakansie?
MENS TOT GOD	Hier is ‘n geleentheid om as groep saam die Here te dien met geestelike liedere. As daar niemand is wat ‘n musiekinstrument kan speel nie, is dit net so lekker om sommer saam gelyk te begin sing. Gee ruim tyd vir die kinders om sommer net hulle gunsteling liedere op te gee en dan saam met hulle te sing.
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ Wie van ons was al so dors dat jy iets dramaties daaraan gedoen het om jou dors te les. Vertel vir ons hoe jy voor die dors en na jou dors geles is gevoel het. Wat beteken die woorde: Ons bestaan om as liggaam van Christus ‘n oase te wees? _____ _____ ❖ Wat beteken die woorde in ons gemeentemissie: Ons bestaan om as liggaam van Christus ‘n **oase** te wees? _____ _____

GOD TOT MENS

Kom ons kyk nou na die Video inleiding

Oase is ‘n _____ in die barre woestyn waar daar _____ en baie bome met lieflike _____ is. Dis ‘n plek waar heerlike _____ _____ is en waar die mense wat deur die woestyn getrek het bymekaar gekom het om te eet en versterk te word.

- Soos wat ‘n oase mense verkwik het so is Jesus daar om ‘n mens te gee. “Hy verkwik my siel.” “He restores my soul”. Hy is ‘n fontein van lewende water wat lewe gee (Joh 6)

- Soos wat ‘n oase mense wat gebrand en uitgedor is van die son, skaduwees en koelte bied, so gee Jesus lafenis vir ‘n _____ gemoed. Hy maak ‘n mens weer reg vir die pad wat voorlê.

GOD TOT MENS

Skriflesing: Joh 7:37-39

37Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! 38Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.” (vergelyk Jes 58:11) 39Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.

1. Hoekom sou Jesus hierdie woorde hard uitroep het? Lees dit gou weer ‘n keer hardop deur.

   _____

   _____

2. Het jy gesien wat staan in Jes 58:11?

11”Die Here sal jou altyd deur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos ’n tuin met volop water, soos ’n fontein waarvan die water nie opdroog nie.”

GOD TOT MENS

Wat dink jy beteken dit dat daar strome van lewende water uit die een wat in Jesus glo sal vloei?

_____

_____

3. Dink jy ons gemeente is al soos ‘n OASE wat mense se geestelike dors les?

Merk een van die vier hier onder

a. Natuurlik! b. Soms c. Gedeeltelik d. Glad nie!

Hoekom sê jy so en wat dink jy moet gebeur om dit te verbeter?

Nadat die Gees van Jesus uitgestort is op elkeen wat in Hom glo het hierdie belofte van Jesus waar geword. Die eerste kerk was werklik geesvervuld en hulle het groot byval gevind by almal in die stad Jerusalem. Daar het daagliks nuwe mense na die gemeente toe gekom en hulle het gereeld saam gekuier, gebid en geleer alles wat Jesus Sy dissipels geleer het. Hierdie geesvervulde gelowiges in Jerusalem het graag van hulle besittings vir die armes gegee en ook gehelp waar hulle kon.

Hulle het saam werklik ‘n oase vir mekaar en vir vreemdes geword.

Vrae om te oordink:

Watter bydrae lewer jy om hierdie gemeente ‘n OASE te laat wees. Dink bietjie daaroor:

Waartoe roep die Here jou deur sy Gees om jou gawes aan te wend in ons gemeente?

MENS TOT MEDEMENS

Kom ons beplan as ‘n groep iets saam om ons gemeente meer van ‘n oase te maak op ‘n deurlopende basis.

Sluit met gebed!

GENADEGAWES

LEIERSKAP	WYSHEID	ONDERSKEIDING	APOSTELSKAP

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 2
Dien mekaar soos Jesus ons gedien het

MENS TOT MENS	Kom ons hoor vandag wat die afgelope week vir jou goed en wat vir jou sleg was.
MENS TOT GOD	Hier is ‘n geleentheid om saam as ‘n groep die Here te dien met geestelike liedere. As daar niemand is wat ‘n musiekinstrument kan speel nie, is dit net so lekker om sommer saam gelyk te begin sing. Gee ruim tyd vir die kinders om sommer net hulle gunsteling liedere op te gee en dan saam met hulle te sing.
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ Is dit vir jou lekkerder om te dien of om bedien te word? _____ _____ ❖ Hoe dink jy behoort ons mekaar te dien? _____ _____
	Kom ons kyk nou na die video inleiding Behalwe dat ons geskep is vir God se _____ vir God se _____, is ons ook geskep om mekaar _____ soos Jesus ons gedien het.

GOD TOT MENS

Skriflesing: Joh 13:1-17

13Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. 14As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. 15Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

1. Wat leer ons van die hart van Jesus in hierdie gebeurtenis?

   _____

2. Wat leer jy van die hart van sy dissipels?

   _____

3. Wat is sommige van die “ek-ismes” in een van die areas hieronder?
   a. In die koerante
   b. In die kerk
   c. In besigheid
   d. In ons gemeenskap
   e. In jou eie lewe

4. Dink aan ‘n paar voorbeelde van hoe Jesus ‘n DIENSBARE lewe gelei het.

   _____

5. Hoe sou jy gereageer het as Jesus jou voete gewas het, as jy daar aan tafel was?

   _____

Jesus roep ons op om mense rondom ons te dien – in ons families, in die dorp, by die skool, in ons omgeegroep, in ons kerk, waar jy ook al kom. Figuurlik gesproke word ons opgeroep om mekaar se voete te was. Jesus sê dat ‘n dienskneggestalte begin met ‘n absolute nuwe gesindheid van diens vanuit ons harte. Ons moet ‘n totale transformasie ondergaan voordat ons met self-ywer kan begin om te dien soos Jesus. Niks in die lewe sal dan meer dieselfde wees nie en my hele uitkyk sal nuut word as ek begin om te dien soos Jesus. Ons moet mekaar se voete begin was en nie meer net daaroor praat nie, maar dit begin doen.

GOD TOT MENS

6. Watter een spesifieke daad van diens voel jy God verwag van jou om te doen, maar weier jy op hierdie stadium om te doen? Wat weerhou jou daarvan?

   _____

   _____

7. Wie is een persoon in jou lewe wat God van jou verwag moet jy op ‘n meer gereelde basis begin te dien?

   _____

   _____

MENS TOT MEDEMENS

Wie is daar wat ons OMGEEGROEP moet dien? Kom ons hoor by mekaar wat verwag God van ons as groep om mekaar te dien.

As afsluiting kan die groep gerus ‘n skottel louwarm water nader bring met ‘n seep en ‘n handoek en dan kan die groep so in die ry af mekaar se voete begin was soos Jesus ons voete gewas het
Sluit met gebed!

VIR VERDURE STUDIE

I would like to buy three dollars worth of God, please.
Not enough to explode my soul or disturb my sleep,
But just enough to equal a cup of warm milk, or a snooze in the sunshine.
I don’t want enough of Him to make me love a black man,
Or pick beets with a migrant worker.
I want ecstasy, not transformation.
I want the warmth of the womb, not a new birth.
I want a pound of the eternal in a paper sack.
I would like to buy three dollars worth of God, please. **Wilbur Reese**

- Op watter manier soek mense so ietsie van die “waarde van God” vandag?

  _____

- Lees ook Mark 10:45 en Joh 12:26

GENADEGAWES

HERDERSKAP	GASVRYHEID	DIENS

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 3
Gedring om te dien

MENS TOT MENS	Hoe gaan dit met elkeen? Deel uit jou lewe een rede tot dankbaarheid en een saak waaroor jy jou bekommer met die groep.
MENS TOT GOD	Sing tot eer van die Here en bid dan dank- en lofgebede saam. Moenie nou al voorbidding doen nie. Die geleentheid kom later.
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ Het dit jou al ontstel as jy agter kom iemand dien die Here met bymotiewe bv. geld of eer of mag? Kan jy aan ‘n voorbeeld dink? _____ ❖ By watter geleentheid waar jy betrokke was by dienswerk het dit vir jou geestelik baie beteken? _____ **Kom ons kyk nou na die video inleiding** Lewer kommentaar op dit wat julle nou gehoor het. Wat het jou getref? Wat (dink julle) is ons gemeente se grootste probleem? ❖ Ons het te veel onbetrokke lidmate wat nie gemotiveer is om die Here en medemense te dien nie, of ❖ Ons het te veel lidmate wat met die verkeerde motiewe (redes) by bedieninge betrokke raak?

GOD TOT MENS	Watter van die volgende redes moet ons die sterkste stel as ons mense wil inspireer om te dien? Bespreek elkeen en sê dan persoonlik watter volgorde jou die meeste aanspreek: ❖ Jy is ‘n bekeerde mens – leef ‘n bekeringslewe (Lk 3:8) ❖ Laat die liefde van Christus jou dring (2 Kor 5:14) ❖ Moenie vergeet om dankbaar te wees nie (Lk 17:11-19) ❖ Jy is geroep (Hd 20:24) ❖ Volg Jesus – dien soos Hy (Joh 13:13-15) ❖ Gebruik jou gawes (Rom 12:6-8, 1 Pet 4:10) ❖ Maak ‘n verskil aan die nood van die mense om jou (Gal 6:2) ❖ Laat die Heilige Gees jou vervul met krag en inspireer (Hd 2:4, 4:31) Wat sal in ons gemeente gebeur as ongeveer 50% van ons lidmate hulle gawes begin gebruik en aktief in bedieninge betrokke raak? Dink aan: ❖ Die gemeente ❖ Ons omgewing ❖ Individuele lidmate Hoe kan ons keer dat skuldgevoel, eersug of manipulasie ‘n rol speel in lidmate se diens en betrokkenheid? Watter besluit wil jy neem op grond van dit wat jy hier bespreek en gehoor het? Deel dit met die groep.
MENS TOT MEDEMENS	Kom ons dien mekaar nou. Ons het aan die begin gesê wat ons bekommerd maak. Vorm nou groepies van 3 en bedien mekaar met raad en gebed. Sluit af met ‘n seën wat oor almal uitgespreek word.

GENADEGAWES

ONDERRIG	KREATIEWE KOMMUNIKASIE	PROFESIE	TALE	KENNIS

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 4
Jesus en my werk

MENS TOT MENS	Gee ‘n geleentheid waarin elkeen kortliks met die groep die volgende deel: Voltooi hierdie sin: “ Hierdie week het ek iets van die Here beleef toe . . . . . “
MENS TOT GOD	Stem julle in op die Here. Dit gaan nie net oor liedere en sing nie, dit gaan oor die Here. Loof Hom en dank Hom daarna met gebede.
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ Waar het jy al beleef dat iemand in ‘n werksituasie jou bewus gemaak het van die teenwoordigheid van die Here? _____ _____ ❖ Jy hoef nie voltyds geestelike werk te doen om vir die Here te werk nie. Wat sou jou aan die einde van ‘n werksdag laat sê : “Vandag het ek my werk vir die Here gedoen.” _____ _____

GOD TOT MENS

Kom ons kyk nou na die Video of DVD inleiding

Wat het jou getref van die praatjie? Waarmee stem jy saam? Waarmee verskil jy?

GOD TOT MENS

Bespreek hierdie stelling. Is dit waar?

> "Die drie belangrikste keuses in jou lewe is,
> eerstens, oor jou verhouding met die Here;
> tweedens, oor jou huweliksmaat; en
> derdens, oor jou werk (beroep)."

Die koninkryk van die Here is nie net gemeente, kerk, bedieninge, sendingwerk, getuienis en bekering nie. Dis ook die natuur, kultuur, politiek _____ en ons elke dag se werk.

Hoe raak die siening ons gesindheid teenoor ons werk?

Ons moet getuig in ons werk situasie.

- Watter riglyne gee 1 Pet 3:13-17 vir ons hieroor?

- Gee aan mekaar riglyne oor die "moets" en "moenies" vir getuienis.

Wat beteken dit vir jou as jy weet dat Jesus as timmerman (skrynwerker) saam met sy pa gewerk het – veel langer as wat sy openbare bedieningstyd was ?

Hoe moet ons as Christene die volgende situasies hanteer?

- Ek word verplig om Sondae te werk
- Ek beleef verontregting by die werk (Ek doen die werk, ander kry die geld)
- Ek ly onder regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging.
- Ek is in 'n werk wat my frustreer –dit pas nie by my talente nie en ek voel nie dis my roeping nie.
- Ek werk in 'n kantoor opset wat dit vir my uiters moeilik maak om my Christenskap uit te leef. Daar word selfs van my verwag om oneerlik te wees.

Watter besluit/voorneme maak jy nadat jy oor hierdie saak nagedink het?

MENS TOT MEDEMENS

Vertel vir mekaar wat julle behoeftes is (miskien in groepies van 3) en bid vir mekaar.

Seën mekaar in die Naam van die Here.

GENADEGAWES

EVANGELISASIE	GENESING	GELOOF	WONDERS

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 5
Versorg mekaar in siekte, hartseer en wanhoop

MENS TOT MENS	Kom ons hoor bietjie by mekaar hoe elkeen se week was. Wat het by julle gebeur wat ons moet weet?
MENS TOT GOD	Kom ons prys die Here met ‘n paar lofliedere. Gee ruim tyd vir die kinders om sommer net hulle gunsteling liedere op te gee en dan saam met hulle te sing.
GOD TOT MENS	**Kom ons kyk nou na die video inleiding** Ons tema vir vandag is: Dien mekaar deur mekaar te _____ en te _____ en te _____ in moeilike tye. Psalm 23 is regtig ‘n _____ en _____ vir ‘n mens se gees. ❖ Het jy ook dalk al ondervinding van die krag van hierdie Psalm? **Ja** **Nee** **Inleidingsvrae:** ❖ Hoekom dink jy is Psalm 23 die gunsteling Psalm in die Bybel? _____ ❖ Watter sterk karakter-eienskappe van God kry ons in Psalm 23? _____

GOD TOT MENS

Skriflesing: Psalm 23 'n Psalm van Dawid.

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. 2Hy laat my rus in groen
weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. 3Hy gee my nuwe
krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy Naam. 4Selfs al
gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my.
In U hande is ek veilig.
5U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U
ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. 6U
goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees
in die huis van die Here tot in lengte van dae.

1. Wat ontdek ons hier van die Here as ons Herder?

   _____
   _____

2. Hoe laat hierdie Psalm jou voel?

   _____
   _____

3. Watter impak sal dit maak op jou lewe as jy nie die Here as jou Herder het nie? Lees die hele Psalm 23 in die negatiewe vorm, en sê dan watter vers is vir jou dan die mees ontstellendste?

   _____
   _____

Jesus het ook 'n paar mooi dinge oor VERSORGING gesê.

Lees gerus Joh 10:26-29 twee keer deur en gesels dan oor wat vir julle treffend is:

26Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie. 27My skape
luister na My stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. 28Ek gee hulle die
ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand
sal hulle uit My hand ruk nie. 29Dié wat My Vader vir My gegee het, is
die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die
Vader ruk nie. 30Ek en die Vader is een."

1. Wat is vir jou treffend hier?

   _____

MENS TOT MEDEMENS

In Gal 6:2 lees ons: 2Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus. “

Die Vader en die Here Jesus het ons as Herder versorg en ons as’t ware die hemel in gedra deur Sy genade. As Hy ons dra soos ‘n herder sy lammers dra, dan verwag Hy van ons om mekaar ook te dra deur moeilike tye

- Wie van ons IN ONS omgeegroep dink julle het ‘n herdershart en die gawe om te versorg?

  _____
  _____

- Wie in ons omgewing het ons versorging nodig.

  _____
  _____

- Skryf name en aksies neer:

  _____
  _____

Sluit met gebed vir mense wat ander mense versorg en bid ook vir die mense wat versorg moet word.

GENADEGAWES

BARMHARTIGHEID	GEE / UITDELING	BEMOEDIGING

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 6
Aanbidding

MENS TOT MENS	Deel met mekaar enige vreugde of hartseer van die afgelope week.
MENS TOT GOD	Doen moeite om vandag se tyd van lof en aanbidding ekstra aandag daaraan te gee. Wat van ‘n lofsimfonie? Elkeen berei vir ‘n minuut of twee voor vir ‘n bydrae: ‘n lied, ‘n mooi gedig/versie, ‘n teksgedeelte. Dit mag net nie meer as so 2 minute per bydrae wees nie
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ As jy na die mense by die kerk kyk (en met hulle gesels) – hoeveel belewenis (dink jy) is daar vir hulle in die erediens as ontmoeting met die Here? _____ _____ ❖ As jy weggaan van die kerk af (na die erediens) – wat sou jy graag wou hê moes met jou gebeur het? _____ _____

GOD TOT MENS

Kom ons kyk nou na die video inleiding

- Wat het jou getref uit die gesprek? Was daar iets prakties wat jy graag sou wou toepas in jou lewe?

  _____

- Watter verskil dink julle maak ‘n mens se gesindheid (of houding) waarmee jy kerk toe gaan aan jou belewenis van ‘n diens?

  _____

- Kan jy iets aan jou gesindheid doen? Indien “ja” – hoe?

  _____

- Wanneer woon jy ‘n erediens by en wanneer neem jy deel aan ‘n erediens?

  _____

- Mense se behoeftes waarmee hulle kerk toe kom is soms so spesifiek dat dit baie moeilik is om in ‘n erediens aan almal se behoeftes te voldoen. Hoe moet hierdie probleem hanteer word?

  _____

- Ons gemeente bestaan uit verskillende mense (ouderdom, geslag, persoonlikhede, musiekvoorkeure, waardesisteme, ens.) Hoe gaan ons dit regkry om almal in ons gemeente opset te bedien?

  _____

Ons aanbiddingsbediening het vier bedieningsterreine wat weer elkeen bepaalde aksies het :

Erediens :
Erediens reëlings | Verfraaiing van die liturgiese ruimte | Gasvryheidsbediening | Media en klank

Gebed :
Gebedsgroep | Spesiale gebedsgeleenthede | Gebedsketting

Toerusting :
Kursusse | Kategese | Bybelskool

Sang en Musiek :
Musiekbediening – sangers, kore, musiekinstrumente. Alle ander spesiale geleenthede (bv. ‘n Passiespel) wat nie spesifiek in die erediens is nie.

Het jy enige vrae hieroor? Waar kan jy betrokke raak?
Watter voorneme / besluit het jy oor vandag se onderwerp gemaak? Deel dit met die groep.

MENS TOT MEDEMENS

Bid vir mekaar: vir behoeftes en krag om te doen wat ons weet wat die Here se wil vir ons is.

Seën mekaar in die Naam van die Here!

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 7
Deur ook al die wonderlike dinge wat jy van God geleer het vir ongelowiges te vertel

MENS TOT MENS	Sê vir ons hoe was jou week en vertel vir ons watter onderwyser of persoon het die grootste indruk op jou gemaak en hoekom?
MENS TOT GOD	Tyd vir sing tot eer van God
GOD TOT MENS	**Kom ons kyk nou na die video inleiding** Ons tema vir vandag is: Dien die ongelowiges deur hulle te vertel van wat _____ vir jou beteken. En as jy nie kan vertel nie _____ die sendelinge wat werk onder die heidene **Inleidingsvrae:** ❖ Hoekom dink jy was Jesus se laaste woorde: Joh 20:21 - “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.” En Mat 28:19 - Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” _____

GOD TOT MENS

- In die Bybelboek 3 Johannes vers 5-8 lees ons van Gaius wat gehoorsaam was aan Jesus se OPDRAG en hoe Jesus se broer Johannes met hom praat: (Laat iemand dit 2X deurlees)

> 5Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie. 6Hulle het hier voor die gemeente vertel van jou liefde. Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op ’n wyse soos God dit verwag, 7want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie. 8Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.

1. Kom ons kyk wat ons alles uit hierdie gedeelte kan uithaal

   _____
   _____
   _____
   _____

2. Dink jy dat jy, bo en behalwe jou tiende, genoeg doen om ‘n sendeling te ondersteun? (Onthou, hulle word nie deur die heidene vergoed nie)

   _____

3. Dink julle nie dis tyd om ‘n sendeling aan te neem en om ook persoonlik met hom en sy gesin in gedurige kontak te wees nie?

   Wat gaan julle hieraan doen?

   _____

   Wie is verantwoordelik vir wat?

   _____

   Wanneer is julle eerste “aksiestap”?

   _____

MENS TOT MEDEMENS

Eindig julle byeenkoms met gebed.

ONTDEK JOU PLEK
WEEK 8
Elkeen is belangrik

MENS TOT MENS	Hoe gaan dit met jou? As jy sê dit gaan goed, vertel vir ons hoekom jy so sê.
MENS TOT GOD	Voor ons sing, kom ons fokus eers op die Here. Laat iemand namens ons ‘n lofgebed bid en die Here prys.
GOD TOT MENS	**Inleidingsvrae:** ❖ Het jy al beleef dat iemand (dalk jyself) so hanteer is in die kerk of ‘n gemeente dat hy/sy moes voel: “ek is nie belangrik nie”? Vertel vir ons. _____ ❖ Jy neem leiding of help organiseer aan ‘n bediening. Hoe sou jy wou optree dat elkeen in die bediening die maksimum positiewe ervaring daaruit kry? _____
	Kom ons kyk nou na die video inleiding Enige op- of aanmerking oor die boodskap? Dink jy ons hel oor na taakgerigtheid of verhoudingsgerigtheid in ons gemeente?

GOD TOT MENS

Skriflesing: Rom 12:3-10, 13, 15, 16

1. Vers 3 gaan oor nederigheid. Hoekom is dit ‘n belangrike eienskap as ‘n gemeente soos ‘n liggaam wil funksioneer.

   _____

2. Te veel nederigheid lei tot ‘n gevoel van minderwaardigheid. Watter gevaar hou dit vir ‘n gemeente in?

   _____

3. Verse 4 en 5 praat oor verskeidenheid – in ons liggame en in die kerk as liggaam van Christus. Gee ons genoeg doelbewuste erkenning aan die verskeidenheid van genadegawes in ons gemeente?

   _____

4. Dink julle die oproep om erkenning aan die verskeidenheid te gee, sluit ook in dat ons die verskeidenheid in ouderdomme, geaardhede, geloofsvolwassenheid, kulture en tale moet akkommodeer?

   _____

5. Kyk na die gawes in vers 6 tot 8. Het ons ruimte in ons gemeente dat die gawes ook by ons kan funksioneer?

   _____

6. Verse 9, 10, 13, 15 en 16 is verhoudingsopdragte (teenoor vers 6 tot 8 wat taakopdragte is). Hoekom is hierdie verhoudingsopdragte belangrik?

   _____

GOD TOT MENS

Ons kyk vandag na die bedieningsveld Bestuur en Administrasie. Die veld lyk so:

Administrasie :
Rekords
Tikwerk
Registers

Logistiek/Fasiliteite:
Terrein uitlê en instandhouding
Kerk instandhouding en verbeterings
Saal instandhouding en verbeterings
Kombuis instandhouding en verbeterings
Pastorieë instandhouding en verbeterings

Kommunikasie :
Bemarking
Gemeenteblad en ander publikasies
Elektroniese kommunikasie

Diensverhoudinge:
Dienskontrakte en versorging van mense in diens van gemeente

Finansies :
Opstel van beleid
Beplanning
Begrotings
Finansiële projekte inisieer
Fondsinsamelings projekte – Sitrusfees, Kersmark, Kunsmark

1. Het jy enige vrae oor hoe dit werk?
2. Dink jy daar is ‘n plekkie waar jy betrokke kan raak?
3. Wat het vandag se onderwerp vir jou beteken? Iets wat jy geleer het, of ‘n besluit wat jy geneem het? Deel dit met die groep.

MENS TOT MEDEMENS

“Dien mekaar in liefde” – gebruik tyd om mekaar se behoeftes aan te hoor, mekaar raad te gee en vir mekaar te bid.

Sluit af met die seën van die Here!

GENADEGAWES

ADMINISTRASIE
&
BESTUUR